Wes-Kaapse Regering
Onderwys

# GEMEENSKAPLIKE VRAESTEL

## GRAAD 12

## AFRIKAANS HUISTAAL
## VRAESTEL 1
## SEPTEMBER 2013

**PUNTE: 70**
**TYD: 2 UUR**

**Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE AFDELINGS:

   AFDELING A: Leesbegrip (30)
   AFDELING B: Opsomming (10)
   AFDELING C: Taal in konteks (30)

2. Voorgestelde tydsindeling:

   AFDELING A: ongeveer 50 minute
   AFDELING B: ongeveer 25 minute
   AFDELING C: ongeveer 45 minute

3. Lees ALLE instruksies noukeurig deur.
4. Beantwoord AL die vrae.
5. Begin ELKE afdeling op ʼn nuwe bladsy.
6. Trek ʼn streep na elke afdeling wat voltooi is.
7. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
8. Laat ʼn reël oop na elke antwoord.
9. Skenk veral aandag aan spelling en sinskonstruksie.
10. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: LEESBEGRIP

## VRAAG 1: REDAKTEURSBRIEF, GRAFIEK

Lees en kyk na die tekste hieronder en beantwoord die vrae wat daarna volg.

**Wegrikaans: loslit of korrek?**

1. Een van die lekkerste dinge daarvan om by *Weg* te werk, is om elke dag saam met joernaliste en lesers op reis te gaan – al is dit net van hier voor my rekenaar af terwyl ek hulle stories lees en foto's kyk.

2. Maar die plekke waar hulle was, en dit wat hulle langs die pad gesien het, is net deel daarvan.

3. Die eintlike lekker is om elke keer met verwondering te lees hoe hulle met woorde op eg Afrikaanse en Suid-Afrikaanse manier lewe gee aan 'n plek of ervaring.

4. Selfs al is dit oor iets redelik alledaags soos die skemer:
"Miskien is dit Namibië se hitte – die hitte en die helder, oop lug wat maak dat 'n mens so bewus is van die skemer daar. Dis amper asof skemer die dag se manier is om vir jou te sê, jou gerus te stel: Alles is nie net 'n stryd om oorlewing nie. Daar is darem genade ook." (Dana Snyman, *Weg* #42 se bylae)

5. As ek woorde soos hierdie lees, besef ek opnuut hoekom ek so lief vir Afrikaans is. In watter ander taal kan die siel, die hart van wie ons is, so goed verwoord word?

6. Dis alles goed en wel, maar...

7. *Weg* is en was nog altyd trots Afrikaans, en ons roem ons op 'n ontspanne, idiomatiese en innoverende gebruik van die taal.

8. Maar hoewel jy sekere goed net in Afrikaans kan sê, kos dit soms fyn trap om nie die grens tussen standaard-Afrikaans en braaivleisvuur-Afrikaans (te veel) oor te steek nie.

9. Dit knor soms om die balans reg te kry, want die grens tussen "dis hoe mense praat" en plein slegte Afrikaans is 'n baie, baie fyn een.

10. Is woorde soos *pêlle*, *fênsie* of *ghrênd* aanvaarbare Afrikaans of is dit krukke vir 'n lui skrywer?

11. Veral sekere Engelse woorde en uitdrukkings is al só ingeburger in die Afrikaanse volksmond dat dit bra moeilik is om rondom dit te skryf.

12. Dus, moet 'n mens skryf sodat die leser jou nie verkeerd verstaan nie of moet jy in "korrekte" Afrikaans skryf? In sulke gevalle help woordeboeke en spelreëls nie; jy is oorgelaat aan jou instink, of dit reg vóél.

13. Veral motor- en rekenaarterme gee ons hier by *Weg* grys hare, Soms laat dit 'n mens dink aan die grappie van die seuntjie wat in die klaskamer vra: "Juffrou, wat is 'n *tyre* in Engels?"

14. Daar is 'n legio sulke voorbeelde, maar uiteindelik kom dit neer op wat jy, die leser, verkies.

15. Dink jy *Weg* gebruik té veel loslit-Afrikaans? Of dink jy dis koel? En terwyl iy nou aan die dink is, wat sou *double clutch* in goeie Afrikaans wees?

16. Ek hoor graag van jou. Geniet intussen *Weg* #71!

***REDAKTEUR***

[Aangepas uit: ***Weg***, September 2010]

1.1 Waarna verwys die titel *Wegrikaans*? (2)

1.2 Verduidelik hoe die spreker elke dag op reis gaan. (2)

1.3 Herlees paragrawe 1 tot 3. Skryf nou neer wat volgens die skrywer die heel lekkerste van sy werk by *Weg* is. (3)

1.4 Verduidelik in jou eie woorde waarom die skrywer so lief vir Afrikaans is. (2)

1.5 Skryf ‘n woord of ‘n frase uit paragraaf 4 neer wat bewys dat Dana Snyman met bespiegeling besig is en nie feite oordra nie. (1)

1.6 Wat word deur die woorde *(te veel)* wat in paragraaf 8 tussen hakies staan, geïmpliseer? (2)

1.7 Tussen watter twee sake probeer *Weg* volgens die skrywer ‘n balans handhaaf? (2)

1.8 Verduidelik wat die skrywer in paragraaf 10 bedoel met “*krukke vir 'n lui skrywer*”. (2)

1.9 Noem een hulpmiddel wat die joernaliste by *Weg* gewoonlik gebruik om te verseker dat hulle korrek skryf. (1)

1.10 Waarom, dink jy, het die skrywer die woord “*korrekte”* in paragraaf 12 tussen aanhalingstekens geplaas? (2)

1.11 Verduidelik die verband tussen die grappie waarna paragraaf 13 verwys en die inligting wat in paragraaf 11 verskaf word. (2)

1.12 Wat is die belangrikste versoek wat die skrywer in paragraaf 14 tot 16 tot die *Weg*-leser rig? (2)

1.13 Dink jy hierdie versoek aan die leser (die antwoord van 1.12) sal *Weg* se probleem oplos? Motiveer jou antwoord. (2)

**EN**

**Persentasie van die bevolking in ses provinsies wat 'n taal as eerste taal praat**

| Taal | Wes-Kaap | Oos-Kaap | Noord-Kaap | Vrystaat | Kwazulu-Natal | Gauteng |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Afrikaans** | 49.7 | 10.8 | 53.8 | 12.7 | 1.6 | 12.4 |
| **Engels** | 20.2 | 5.6 | 3.4 | 2.9 | 13.2 | 13.3 |
| **isiNdebele** | 0.3 | 0.2 | 0.5 | 0.4 | 1.1 | 3.2 |
| **isiXhosa** | 24.7 | 78.8 | 5.3 | 7.5 | 3.4 | 6.6 |
| **isiZulu** | 0.4 | 0.5 | 0.8 | 4.4 | 77.8 | 19.8 |
| **Sepedi** | 0.1 | 0.2 | 0.2 | 0.3 | 0.2 | 10.6 |
| **Sesotho** | 1.1 | 2.5 | 1.3 | 64.2 | 0.8 | 11.6 |
| **Setswana** | 0.4 | 0.2 | 33.1 | 5.2 | 0.5 | 9.1 |
| **Gebaretaal** | 0.4 | 0.7 | 0.3 | 1.2 | 0.5 | 0.4 |
| **SiSwati** | 0.1 | 0.0 | 0.1 | 0.1 | 0.0 | 1.1 |
| **Tshivenda** | 0.1 | 0.1 | 0.1 | 0.1 | 0.1 | 2.3 |
| **Xitsonga** | 0.2 | 0.0 | 0.1 | 0.3 | 0.0 | 6.6 |

[Verwerk en vertaal uit: ***Census 2011 Census in brief*** ]

1.14 Watter provinsie het die grootste persentasie mense wat Afrikaans as eerste taal praat? (1)

1.15 Watter provinsie het die mees eweredige verskeidenheid tale wat as eerste taal gepraat word? Motiveer jou antwoord. (2)

1.16 Watter aanname wat jy oor die gebruik van Afrikaans as eerste taal gehad het, word deur bostaande statistiek bevestig of weerlê? Verduidelik kortliks hoe jou aanname bevestig of weerlê word. (2)

**TOTAAL AFDELING A: [30]**

## AFDELING B: OPSOMMING

## VRAAG 2

- Lees die teks hieronder en maak ‘n opsomming van die **SEWE vereistes wat Soli Philander aan ‘n goeie komediant stel.**
- Jou opsomming moet in jou eie sinne (in volsinne) puntsgewys of in paragraafvorm aangebied word en mag nie meer as 90 woorde beslaan nie.
- Dit is nie nodig om vir die opsomming ‘n titel te gee nie.
- Dui die getal woorde wat jy vir die opsomming gebruik het, aan.

**Grappe maak is harde werk**

Dít is die somtotaal van Philander se raad vir deelnemers aan SBA Kaapse Son Jokes, wat as deel van die Suidoosterfees aangebied word.

Dié kompetisie vir aspirant-komediante het op Vrydag 1 Februarie 2008 met uitdunne begin en Philander het daarna die taak gehad om die bestes te kies.

“Dis harde werk om mense te laat lag, want jy moet die grap met jou hele wese vertel: met jou stemtoon, jou liggaamstaal . . .

“Dis ’n vaardigheid. En dis verskriklik as hulle nie lag nie en jy van jouself ’n krater maak.”

Philander was meer bekend as aanbieder van veral *Liriekeraai*. Maar hy is nie sommer enige aanbieder nie, want sy sonderlinge aanbiedingstyl neig soms na skerpskertsery.

“Ja, as jy ’n program aanbied, moet jy maklik kan skuif tussen ernstig wees en grappe maak.

“Ek gebruik humor om die spanning te verlig. Dinge kan maklik lelik raak, maar met goeie humor ontlont jy gou-gou die situasie,” vertel hy.

Philander meen as jy ’n grap goed kan vertel, sal mense telkens daarvoor lag, al het hulle dit al hoeveel keer gehoor.

“Ek sê altyd ’n goeie grap is soos ’n goeie liedjie. ’n Mens kan oor en oor na ’n goeie liedjie luister en dieselfde geld vir ’n goeie grap,” deel hy ’n paar wyse woorde.

Hy glo ’n komediant moet krities wees en kommentaar lewer op dié dinge wat ons almal in gemeen het, “maar nooit afbrekend nie”.

Boonop moet die komediant altyd onthou dat hy in diens van die grap en sy gehoor staan.

En soos hy sê, as jy ’n goeie komediant wil wees, “moet jy onbeskaamd jou ego laat gaan”.

[Aangepas uit: ***Die Burger***, 18 Januarie 2008 ]

**TOTAAL AFDELING B: [10]**

## AFDELING C: TAAL IN KONTEKS

## VRAAG 3

Lees die tekste hieronder en beantwoord die daaropvolgende vrae.

**McIlroy word miljardêr**

1. ABOE DHABI. – Die gholf-superster Rory McIlroy het pas ’n yslike borgskap van Nike losgeslaan, wat glo meer as R2 miljard in sy sak kan beteken.

2. Dié ooreenkoms met die Noord-Ierse speler, wat glo vir 10 jaar van krag sal wees, sal van McIlroy een van die rykste sportmanne tot nog toe maak.

3. McIlroy sal sy Nike-gholfstokke en -uitrusting die eerste keer aan die wêreldgehoor wys wanneer hy van môre af hier aan die Aboe Dhabi-kampioenskapstoernooi deelneem.

4. Hy het die verbeelding aangegryp met die wyse waarop hy die laaste jare (3.4... ) nommer een op die wêreldranglys geklim het.

5. En verskeie beroepspelers glo hy gaan nog die Amerikaner Tiger Woods se 14 oorwinnings in major-toernooie en Jack Nicklaus se rekord van 18 majors oortref.

6. McIlroy het voorheen Titleist-toerusting gebruik. Woods word ook deur Nike geborg.

7. Dié sterre wedywer deesdae al hoe meer teen mekaar, maar is hulle al bereid om dit ’n tweestryd te noem?

8. Hulle beantwoord hierdie vraag versigtig. Daar bestaan duidelik wedersydse respek vir mekaar se vermoë.

[Aangepas uit: *Die Burger*, 16 Januarie 2013]

3.1 Gee ‘n neutrale woord vir *yslike* (paragraaf. 1) (1)

3.2 Skryf ‘n voorbeeld van ‘n determineerder uit paragraaf 2 neer. (1)

3.3 “wat vir 10 jaar van krag sal wees” (paragraaf 2).

Gee een woord <u>vir ‘n periode van 10 jaar</u>. (1)

3.4 Skryf die voorsetsel wat in paragraaf 4 ontbreek, neer. (1)

3.5 Gebruik die homoniem van *wyse* (paragraaf 4) in ’n verklarende sin. (1)

3.6 As watter soort werkwoord word die woord *glo* in paragraaf 5 gebruik? (1)

3.7 Gee die teenoorgestelde van *<u>beroep</u>spelers* (paragraaf 5). (1)

3.8 Skryf in die lydende vorm (passief):

*McIlroy het voorheen Titleist-toerusting gebruik*. (1)

3.9 Skryf in die ontkennende vorm:

*Is hulle al bereid om dit 'n tweestryd te noem?* (1)

3.10 Gee die meervoud van *vermoë* (paragraaf 8). (1)

**EN**




[Verwerk uit: ***Lig***, Augustus 2013]

3.11 Deel A verwys.

*Die bruid het op Twitter geskryf: "Toe ek vanmiddag in die kerk instap , het ek geweet trou is vir altyd."*

Skryf bostaande sin in die indirekte rede. (1)

3.12 Deel B verwys.

*Elke bruid verdien 'n sprokiestroue met 'n tikkie ekstra panache.*

3.12.1 Herskryf bostaande sin as 'n vraagsin deur slegs die huidige woorde in die sin te gebruik. (1)

3.12.2 Verduidelik waarom die woorde *Elke bruid* … in hierdie sin as manipulerende taalgebruik beskou kan word. (1)

3.12.3 Brei die bepaling *met 'n tikkie ekstra panache* uit tot 'n byvoeglike bysin. (1)

3.13 In die woordeboek word die volgende inligting oor *panache* gegee:

> **pa•nach′e** *(uitspr. pa nasj'*) (< *F*.) Swier, flambojante wyse van optrede:
> *Sy doen alles met soveel panache, asof niks haar kan keer nie.*
>
> [Uit: *HAT*, 1994, bl. 780]

3.13.1 Skryf neer die lettergreep waarop die klem behoort te val wanneer *panache* uitgespreek word. (1)

3.13.2 Aan watter taal is die woord *panache* ontleen? (1)

3.14 Gee die intensiewe vorm van *vol* in deel B. (1)

3.15 Gee die verkleiningsvorm van *herinneringe*. (1)

3.16 Deel C verwys.

Kies die korrekte antwoord. Skryf slegs die letter (A, B, C of D) langs die vraagnommer neer.

Die woord *besprekingskantoor* is gevorm deur middel van …

A. samestelling
B. afleiding
C. samestellende afleiding
D. metamorfeem (1)

3.17 Waarvoor staan die afkorting *ATKV?* (1)

**EN**

## STROKIESPRENTE

### MEESTER EN NEELSIE

| Raam 1 | Raam 2 | Raam 3 |
|---|---|---|




[Aangepas uit: http://daniecronje.co.za/tuis/meestr8-2]

| | | |
|---|---|---|
| 3.18 | Daar is ‘n spelfout in raam 1. Stel vas watter woord verkeerd gespel is en skryf dit korrek neer. | (1) |

| | | |
|---|---|---|
| 3.19 | Watter konnotasie het die uitdrukking *is vol probleme* (raam 1) gewoonlik? | (1) |

| | | |
|---|---|---|
| 3.20 | Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die letter (A, B, C of D) langs die vraagnommer neer.<br><br>Beide sinne in raam 2 staan in die ... wyse<br><br>A. Toevoegende<br>B. Vraende<br>C. Aantonende<br>D. Gebiedende | (1) |

| | | |
|---|---|---|
| 3.21 | Skryf die gesegde van die sin in raam 3 neer. | (1) |

| | | |
|---|---|---|
| 3.22 | Watter implisiete boodskap dra Neelsie in hierdie strokiesprent oor die vak wiskunde oor? | (1) |

**EN**

**LOUIS DIE LAEVELDLEEU**

| Raam 1 | Raam 2 | Raam 3 |
|---|---|---|




[Aangepas uit: ***Die Burger***, 24 Augustus 2013]

| | | |
|---|---|---|
| 3.23 | Die sin in raam 1 bevat 'n taalfout. Herskryf die sin en korrigeer die taalfout. | (1) |

| | | |
|---|---|---|
| 3.24 | Verbind die onderstaande twee sinne deur die voegwoord *gevolglik* te gebruik.<br><br>Sinne: *Die seun het nie die stopteken verstaan nie. Hy het dit verontagsaam.* | (1) |

| | | |
|---|---|---|
| 3.25 | Voltooi die sin deur slegs die ontbrekende woord neer te skryf:<br><br>Volgens raam 3 was die seun nie Engels … nie. | (1) |

| | | |
|---|---|---|
| 3.26 | 'n Leesteken ontbreek in die onderstaande sin. Skryf die sin oor en voeg die leesteken op die korrekte plek in.<br><br>*Ja maar dit was in Engels.* | (1) |

| | | |
|---|---|---|
| 3.27 | Gee die oortreffende trap van *snaaks* (raam 3). | (1) |

**TOTAAL AFDELING C: [30]**

**GROOTTOTAAL: 70**